HEBREEUSE WORTELS - VERLOËNINGSGEBED

IGNITED IN CHRIST

(Hierdie gebed moet eers gebid word nadat die gelowige in Jesus Christus na Ignited in Christ se reeks (in 7 dele) oor die Leuen van die Hebreeuse Wortels Beweging gekyk het (https://www.youtube.com/watch?v=F5rD6etaTkk&list=PLf-BDxH8a9YyN_OqNW7MFgQ17RmMrM5W1) en tot volle oortuiging van die waarheid van ons lering gekom het. Slegs die waarheid kan 'n mens vrymaak (Joh. 8:32) en jy kan net iets verloën wanneer jy verstaan hoekom dit nie reg is nie en ons Here Jesus Christus (die Hoëpriester van die Nuwe Verbond) nie eer nie. Daar is verskillende vlakke van Hebreeuse Wortels en daarom is dit belangrik dat die hele gebed eers gelees moet word waarna slegs die toepaslike dele gebid kan word.

Ten einde iets te verloën moet dit op die volgende vlakke gedoen word naamlik: 1) Erkenning of belydenis, 2) vra vir vergifnis en 3) versoek dat die bloed van Jesus dit sal skoonwas. Daarna kan oorgegaan word na die kansellering van vloek, bevryding en herstel.)

My Vader, ek kom voor U troon in die geestesrealm in die naam van Jesus Christus my Verlosser en Saligmaker, my Bruidegom asook die Hoëpriester van die Nuwe Verbond (wat met Sy eie bloed beseël is). Vader, Jesus Christus en Heilige Gees (drie-enige God soos aan my bekendgemaak deur beide die Ou en die Nuwe Testament van die Bybel maar ook veral soos wat Hy Hom aan my persoonlik bekend gemaak het deur Sy Gees, die Heilige Gees, toe ek wedergebore is in Christus Jesus en daarna), ek het tot kennis en openbaring van die leuens van die Hebreeuse Wortels Beweging gekom en my geestelike oë en ore het werklikwaar daarvoor oopgegaan en ek dank U daarvoor Here Jesus Christus en gee aan U alleen al die eer en heerlikheid.

1. SONDEBELYDENIS EN VERSOEK OM VERGIFNIS

Ek kom dus voor U troon Jesus Christus vandag en erken en bely in volle oortuiging die volgende:

1.1 Die leuen van die besnydenis aan die voorhuid as teken van die Ou Verbond met U Here Jesus Christus

Die besnydenis van seuntjies op die agste dag (of op enige dag daarvoor of daarna soos deur die Israeliete destyds en die Jode in Judaisme vandag nog gedoen word om geloofsredes) is gebaseer op die leuen dat dit die teken is van die Ou Verbond met U Here Jesus Christus en dat dit diegene wat besny word insluit in U verbondsvolk.

Hierdie besnydenis aan die voorhuid is nie die teken van die Ou Verbond met U nie Here Jesus maar wel die teken van die verbond (gemeenskap) wat met Lucifer (Satan) gesluit is in die Tuin van Eden toe geëet is van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad (gehoorsaamheid aan Lucifer) en daar so deur die mens en sy vrou (deur omgang) 'n bloedverbond met Satan gesluit is. Dit is die sondeval waaraan alle mense op aarde onderhewig is en waardeur die saad van Satan in die mens ingekom het, met die sondige aard van die mens as wanvrugte. Satan (oftewel Baäl, die "dark lord") wou sy beeld hiermee in mense uitbeeld (die beeld van die slang) en dus eer die besnydenis hom en is 'n uitbeelding van wat in die Tuin van Eden tussen die mens en Satan gebeur

het. Dit is dan ook die teken van die fertiliteitskultus wat die basis vorm van die "geheimenisse" van die okkult (en dan ook die Vrymesselary, Illuminati en Kabbalah).

Die besnydenis aan die voorhuid is dus nooit deur U, Here Jesus Christus, beveel of verorden nie maar wel deur die "dark lord" oftewel Satan of Baäl (die songod) wat deur verskeie volkere in die antieke wêreld as god vereer is (ook onder die name Yahweh of Baäl). Daarom dan ook dat nie net die Jode nie maar ook verskeie heidense volke in songod aanbidding destyds en vandag nog hierdie gebruik van die besnydenis aan die voorhuid voortsit.

U het egter die besnydenis in U genade en alwetendheid toegelaat Here Jesus Christus (Gen. 17) juis sodat dit dwarsdeur al die generasies van Jode geneem kon word tot by Uself Jesus Christus (wie ook op die 8ste dag volgens Joodse gebruik besny is). Hierdie teken van die vloek van die saad van Satan in die mensdom (die besnydenis aan die voorhuid) moes dus so deur U as die Seun van God (wat sonder sonde was) op die kruis geneem word sodat hierdie vloek deur die kragtige goddelike bloed van die Lam van God gebreek kon word vir almal wat in Hom sou glo as hul persoonlike Verlosser en Saligmaker. Dit was U meesterplan van Redding vir die mensdom Vader en waarvoor U U eie Seun (wat sonder sonde was) sonde laat word het (ook in besnydenis) sodat dit aan die kruis gespyker kon word en Hy daarmee die geweldige vloek van dood en sonde (wat deur Lucifer in die Tuin van Eden in die mensdom ingekom het) op Hom kon neem.

Ek erken en bely dus die leuen dat die besnydenis aan die voorhuid die teken van die Ou Verbond met U was en vra om vergifnis daarvoor Here Jesus dat ek dit geglo het. Ek verklaar dat ek nou verstaan dat die teken van die Ou Verbond met U Here Jesus Christus was die Sabbat en nie die besnydenis nie (Exodus 31: 12 – 17). Die Sabbat was die teken van U verbond met die Israeliete aangesien U die hele aarde en alles daarop in 6 dae geskep het en op die 7de dag gerus het. Dit het die Israeliete van al die heidennasies onderskei en aan almal bewys gelewer dat die Israeliete in verbond staan met die enigste ware God naamlik die Skeppergod, Jesus Christus.

Jesus, ek vra om vergifnis vir die besnydenis aan die voorhuid van enige van my voorgeslagte (asook van dié van ons "vaders" in die geloof naamlik Abraham, Isak en Jakob asook hul joodse nageslagte) en verklaar dat elke besnydenis 'n bloedritueel en bloedoffer aan Satan daargestel het en die bloedverbond van Satan (met sy oorsprong in die Tuin van Eden) herbevestig het van geslag tot geslag. Daarmee moes elke manspersoon 'n "bruidegom van bloed" (Ex.4:25-26) (verteenwoordigend van Satan) vir sy vrou geword het en die kinders daaruit gebore sou steeds onder die verbond (voek van die sonde) met Satan wees. Ek vra dat U my, my eggenote, kinders en nageslagte tot in alle ewigheid van hierdie teken van Satan sal lossny en ons sal skoonwas met U bloed na gees, siel en liggaam.

Ons vergewe dan ook almal wat vantevore die besnydenis as verbondsteken as waarheid voorgehou het en besef dat hul mislei was ook as gevolg van die dualisme[1] wat op baie plekke in die Ou Testament voorkom[2]. Ons dank U Here Jesus Christus dat deur die offer van U bloed aan die kruis (deur U as Hoëpriester van die Nuwe Verbond gebring) ons ons nou kan beroep op U bloed om ons skoon te was van die vloek van die sonde en dan ook die besnydenis.

Ons erken en bely dat die enigste besnydenis wat van U af kom Here Jesus Christus en wat U eer is die besnydenis van die hart (mensgees) wat plaasgevind het toe ek my hart (gees) vir U gegee het in wedergeboorte. Hierdie besnydenis word deur die Heilige Gees gedoen en is geestelik van aard (Kol 2:11; Rom. 2:29).

Indien ek ook besny is om geloofsredes ten einde soos die Israeliete (Jode) te kan deel hê aan hul geloof en verbond (met Lucifer/Satan), dan verloën ek nou daardie besnydenis Jesus Christus onvoorwaardelik en ek erken dat ek daarmee 'n bloedverbond met Satan gesluit het. Jesus Christus, ek vra dat U my sal vergewe en vryspreek en skoonwas met U bloed. Ek kanselleer nou in die naam van Jesus Christus die bloedverbond met Satan en die bloedritueel wat tydens die besnydenis uitgevoer is. Ek kanselleer ook in die naam van Jesus Christus enige woorde wat tydens die besnydenis oor my uitgespreek is. Ek vra Jesus Christus dat U my sal vergewe van hierdie groot sonde en my sal skoonwas met U bloed wat ook vir my gestort is aan die kruis en ten einde hierdie bloedverbond met Satan te kan breek.

Ek verklaar teenoor Satan dat 1 Korintiërs 7:19 nou vir my waar is waar Paulus sê: *Dit kom nie daarop aan of iemand besny is of nie, maar wel of hy die gebooie van God* (soos op die tafels van sy hart deur die Heilige Gees geskryf) *onderhou."*

1.2 'n Totaal Nuwe Verbond

Ek bely en verklaar dat die Ou Verbond wat die Israeliete in die woestyn en daarna met U gehad het Here Jesus Christus totaal verval het (gekanselleer is deur die Jode se ontrou aan U en hul hoereerdery met ander gode) en dat dit dus nie hernu kon word nie. Die beste en onteenseglike bewys daarvan is dat die Ark van die Verbond nie meer in die Allerheiligste van die Tempel was gedurende die 2de Tempeltydperk (vandat die Jode uit ballingskap teruggekeer het) nie.

Ek bely en verklaar dat die Nuwe Verbond wat U kom moontlik maak het Here Jesus Christus deur U afsterwe en opstanding dus 'n geheel en al Nuwe Verbond tussen U en U kinders is en dat niks van die Ou Verbond (wat bestaan het tussen U en die Israeliete) daarin vervat is of daarin kon voortleef of weer herleef nie.

[1] "The division of something conceptually into two opposed or contrasted aspects, or the state of being so divided" (Oxford).

[2] Een van die heel beste voorbeelde van dualism in die Ou Testament is Lev. 16 waar 2 bokke geneem moet word, die loot getrek moet word. Die een waarop die loot vir die Here (Jesus Christus) val moes as 'n sondeoffer vir die Here (Jesus Christus) geoffer word en die bok wat vir Asasel geloot is moes bly lewe. Nadat die versoeningshandeling daarop verrig is deur die Hoëpriester moes hierdie bok dan in die veld ingestuur word "vir Asasel". (83 Vertaling).

Ek besef nou dat die Ou Verbond slegs ‘n vooraf skaduwee was van die Nuwe en beter Verbond wat sou kom en dat alles wat vervat was in die Ou Verbond ten volle in U Jesus Christus in vervulling gegaan het.

Vergewe my asseblief Here Jesus Christus indien ek verkeerdelik geglo het dat ons tans leef in ‘n hernude Ou Verbond met U of dat daar vandag nog enige iets van die Ou Verbond oor is waarop ons steeds moet voortbou. Die Ou Verbond was gebaseer op die Wet van Moses en hierdie Ou Verbond het geheel en al verval. Ons staan nou in ‘n totaal Nuwe Verbond met U Here Jesus Christus, moontlik gemaak deur U kruisdood en opstanding vir almal wat U aangeneem het as Verlosser en Saligmaker.

1.3 Die naam van God

Here Jesus Christus, ek bely dat die naam bo alle name asook die enigste naam waarmee enige mens gered kan word is die naam van JESUS CHRISTUS (Hand. 4:12) en ek verwerp hiermee enige ander name wat ek (ten koste van U naam Here Jesus Christus) bewustelik of onbewustelik opgehef en vereer het.

Ek verwerp spesifiek die name Yahweh, Yehovah, Yahvah en enige ander verbuigings daarvan as synde dat dit nie U werklike naam is nie aangesien dit alles gebaseer is op die Joodse konsonante YHVH (Yod Heh Vav Heh) ook genoem die tetragrammaton wat bloot “Here” beteken en waarby die Joodse rabbi’s vokale gevoeg het om dit te probeer uitspreekbaar maak.

Yahweh is dan ook hoe die songod (oftewel Baäl) bekend gestaan het onder die heidennasies (soos deur verskeie antieke artifakte bewys) en dus het al hierdie name ‘n verbintenis met die songod oftewel Baäl oftewel Satan.

‘n Duidelike bewys vir my hiervan Here Jesus Christus is dat die Kabbaliste, Vrymesselaars en Sataniste van hul sterkste heksery en inisiasierituele beoefen op sterkte van die tetragrammaton naamlik YHVH. Dit is spesifiek duidelik vanuit die inisiasieritueel wat gedoen word in die Skotse Rite van die Vrymesselary ten einde ‘n persoon op die 14de graad in te lyf. Mense in die okkult gebruik dan ook hierdie naam van YHVH ten einde krag te kan trek ten einde te kan “astral travel” (astraal projekteer – jou gees uit jou liggaam te laat gaan). Indien die tetragrammaton (naamlik YHVH waarop al hierdie sogenaamde heilige name van God gebasseer is) wel U werklike hoogs heilige naam sou wees, sou dit onmoontlik gewees het om op die sterkte van U naam wat heilig is, sulke sterk heksery en inisiasierituele aan die kant van die okkult te doen. Hulle weet baie goed dat Satan hierdie naam YHVH (wat bloot “Here” beteken) gebruik het (en misbruik het) by wyse van die uiters demoniese “tetractys” en die numerologie van 72 daaraan verbind om te verwys na Lucifer (Satan oftewel die “dark lord”) en, in totaal, 72 gevalle engele. In hierdie rituele en inisiasies op die naam YHVH gedoen, beroep hulle hul derhalwe op hul koning Satan se naam ten einde krag te kan trek vanuit duisternis.

Ek bely Here Jesus Christus, Vader en Heilige Gees dat U werklike naam onuitspreekbaar en te heilig is en nie deur ‘n sterflike mens op aarde geuiter kan word nie en juis daarom dat U aan Moses gesê het dat hy aan die volk moet sê “Ek is”, die God van hul voorvaders, het Moses na hulle toe gestuur. U is wel ons YHVH naamlik ons Here maar dit is nie U heilige naam nie. Here kan verwys na die Here van die Lig (Jesus Christus) of die here van duisternis (Satan) want die heidense nasies het ook vir Baäl as hul “here” aangespreek.

Ek verwerp verder (indien ek nie ‘n Messiaanse Jood is nie) die name Yeshua, Y’shua, Yavahshua en ook enige ander verbuigings daarvan …….. as U heilige naam aangesien ek nie ‘n Jood is nie en ook nie Hebreeus sprekend is nie. Ek is ‘n Afrikaanse gelowige en het U as JESUS CHRISTUS (die Afrikaans vir die grieks “Iisoús Christós”) leer ken en in die naam van JESUS CHRISTUS is ek wedergebore, gedoop as gelowige en gedoop met die Heilige Gees. Ek weier om nou die mees kosbare naam aan my bekend en wat die Vader in Sy Woord gekies het om te verhef bo alle name (Ef. 1:20-23; Fil. 2:10-11), te verloën.

Ek verwerp ook die name “Ruach Hakodesh” asook “Shekinah” en “Shekinah Glory” asook elke ander naam waarmee verkeerdelik verwys word na die Heilige Gees van God. Ek aanvaar net die benaming HEILIGE GEES van Jesus Christus en God die Vader. Jesus Christus ek vra dat U my sal vergewe dat ek na U Heilige Gees verwys het met name wat na die vals heilige gees (Kundalini) verwys en ek vra dat U my sal skoonwas van elke dwaling in hierdie verband.

Ek besef dat die ware naam van God (soos aan die engele bekend) te heilig is vir ‘n mens om uit te spreek en dat ek dit eers eendag sal ken wanneer ek by U is in die derde hemel my Here JESUS CHRISTUS.

Vergewe my asseblief Here JESUS CHRISTUS indien ek bewustelik of onbewustelik enige ander naam bo die naam van JESUS CHRISTUS as my Saligmaker en Verlosser verhef het en was my skoon met U kosbare bloed.

1.4 Die Hebreeuse taal

Ek kom vra om vergifnis Here Jesus Christus dat ek, wetend of onwetend, weer van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad geëet het deurdat ek gedink het dat ek meer wysheid en insig in U geskrewe Woord sal verkry deur dit in Hebreeus of in die Hebreeuse of Joodse Bybel te bestudeer.

Ek bely hiermee saam Here Jesus Christus dat die opheffing van die Hebreeuse taal en Bybel my onbewustelik geestelike trots en hoogmoedig gemaak het deurdat ek myself bewustelik of onbewustelik bo ander gelowiges begin verhef het. Ek weet Jesus dat U die trotse en hoogmoedige mense weerstaan en dat U genade betoon aan die nederiges (Jak. 4:6 en 1 Pet. 5:5). Vergewe my asseblief hiervoor Here Jesus Christus en was my skoon met U bloed.

Ek besef nou dat U, deur U Heilige Gees, die Boom van die Lewe is Jesus Christus en dat indien ek U Heilige Gees sou vertrou vir openbaring en begrip, ek die geskrewe

Woord (die Bybel) maar in enige taal kan bestudeer (solank dit net n relatiewe getroue vertaling is) en dat U in enige taal met my kan praat. Dit is so omdat U Jesus Christus die Woord is en U my deur U Gees in alles waarheid sal lei en leer (Joh. 1:1-5; Op. 19:13).

Ek vra om vergifnis vir hierdie dwaling Here Jesus Christus en indien ek enige Joodse of ander Hebreeuse Bybel in my huis het verwerp ek nou die feit dat dit die enigste Skrif is wat vir my korrekte openbaring sal gee van U wil en U Woord en ek bely dat ek mislei was in hierdie verband. Vergewe my asseblief vir hierdie dwaling Here Jesus Christus en was my skoon met U bloed.

1.5 Die Wet van God

Jesus Christus, ek bely en verklaar dat die Wet soos in die 10 gebooie vervat (wat aan Moses in die woestyn op die berg gegee is op kliptafels) in U Jesus Christus sy volle vervulling gekry het deurdat U U Wet deur die Heilige Gees by my wedergeboorte op my hart (geesmens) kom skryf het.

Ek bely dus dat ek nou nie meer staan onder die Wet van Moses nie maar onder die Wet van U Gees wat my in alle waarheid lei en ook die volle betekenis van die Wet (in baie meer dimensies) aan my oopbreek en my daarin lei.

Ek staan dus nie meer onder die vloek van die Wet nie maar onder U genade Jesus Christus wat ook vir my met U kosbare bloed aan die kruis asook U opstanding uit die dood duur gekoop is. Dit beteken dat al bly ek ‘n sondige mens wat steeds onderhewig is aan die sondeval (1 Joh. 1:8) dat ek steeds gered is, nie op grond van verdienste nie maar op grond van my geloof in U en op sterkte van U genade.

Vergewe my assblief Here Jesus Christus dat ek gedwaal het om te dink dat ek enigiets hoef te doen (soos om weer die Wet van Moses te probeer onderhou) om U genade en U Verlossing te verdien. Dit is ‘n leuen en ek bely dit en vra dat U my sal skoonwas met U bloed.

1.6 Die Torah (eerste 5 boeke van die Bybel)

Ek het tot die besef gekom Here Jesus Christus dat <u>die dieper vlakke</u> van Torah (soos wat die Joodse rabbis bestudeer) besmet is met Kabbalah deurdat die Jode die oorgelewerde geskrifte van Moses en die Wet vermeng het met Kabbalah gedurende die Babiloniese gevangenisskap van ongeveer 70 jaar. Kabbalah bestaan hoofsaaklik uit die Babiloniese geheimenisse wat sy oorsprong by Lucifer en die gevalle engele het en ook die grondkennis is van die Vrymesselary.

Ek bely dat ek bewustelik of onbewustelik die Torah verhef het tot gesag wat bokant die gesag van die Heilige Gees is en in dieper vlakke van Torah begin delf het. Deur dit te doen het ek myself bewustelik of onbewustelik oopgemaak vir die Gees van Kabbalah (wat ook bekend staan as die “Dark Lord (YHVH)” oftewel Lucifer) en hierdie gees wil my terugvat onder die vloek van die Wet in en ook daardeur die Kundalini

(vals heilige gees) in my opwek en krag gee tot volle ontwaking van die Merkabah Liggaam en verligting ("enlightenment") (van Lucifer).

Jesus Christus, ek bely dat –

- Die Torah nie die instruksies van God bevat van hoe ek moet lewe nie maar wel U Heilige Gees wat U Wet en instruksies van hoe ek moet leef op die tafels van my hart (gees) geskryf het.
- Die Torah is nie U huweliksaanbod aan ons U Bruid nie maar wel Uself Jesus Christus en spesifiek dit wat U vir ons aan die kruis gedoen het en U opstanding uit die dood. Wie hierdie huweliksaanbod aanneem in geloof (van wat U aan die kruis en met U opstanding vir ons verwerf het) staan in 'n huweliksverbond met U en wel onder die Nuwe Verbond, gekoop en verseël met U bloed.
- Ek moet nie gewortel wees in die fondament van die Torah nie maar wel in die fondament van U Jesus Christus en deur U Gees. U is die wynstok en ons die lote (Johannes 15). U is die ware olyfboom en ons is die wilde lote wat by U Jesus Christus (in die gees) ingeënt moet word om daardeur ons redding te verwerf (Romeine 11).
- Die Torah was 'n blote vooruitskouing, vooraf skaduwee of afbeelding van U Jesus Christus, die Messias, wat sou kom en nou is die kern van ons geloof dat U aarde toe gekom het as die Seun van God geinkarneerd in 'n menslike liggaam en dat U gesterf het aan die kruis om die vloek van die sonde en die dood op U te neem sodat almal wat U aanneem as Verlosser die ewige lewe kan hê. U opstanding is ook ewige oorwinning oor die dood en ons sal dus ook opstaan in 'n nuwe en ewige lewe soos U.
- Jesus, U en U dissipels het nie die mense uit die Torah geleer nie maar wel in die weë van U Vader Jesus en U het slegs na die Torah verwys om te illustreer hoe dit gedurende die tyd van die Ou Verbond deur U gebruik is om met U volk in verhouding te tree.

Jesus Christus vergewe my asseblief dat ek aan die Torah 'n plek toegeken het wat net aan U en U Heilige Gees behoort Jesus en dat ek daardeur onbewustelik weer geëet het van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad. Was my asseblief skoon met U bloed na gees, siel en liggaam.

1.7 Die Sabbat

Here Jesus, ek erken dat die Sabbat (rus op die sewende dag (Saterdag) deur geen werk te doen nie) die teken was van die Ou Verbond tussen U en die Israeliete en dat U wel in U Woord (die Bybel) se dat geen "jota of tittel" van die Wet verval het nie en dus het die sabbatsrus ook nie verval nie. U sê wel ook in U geskrewe Woord dat U gekom het Jesus Christus om aan die Wet (en dan ook aan die Sabbat) sy volle betekenis te gee en dit in volle vervulling te laat gaan.

Dit beteken dat die Sabbat dus steeds bestaan vir U volk en dat dit nie verval het nie. Die vryheid wat U vir ons gekoop het met U kosbare bloed aan die kruis Here Jesus

Christus beteken egter dat elke gelowige wat nou in die Nuwe Verbond met U staan die ewige sabbatsrus van God ingaan deurdat ons nou vir altyd rus van ons werke (Hebreërs 4:9) deurdat ons niks meer hoef te onderhou of na te kom ten einde ons redding te verdien nie. Die sabbatsrus vir 'n wedergebore gelowige in Jesus Christus is dus nou daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan deurdat ons volledig vrygemaak is van die Wet en sy sondevloek en dat ons kan rus in die wete dat U Jesus Christus vir eens en vir altyd alles vir ons gedoen het aan die kruis en dat ons bloot op grond van ons geloof gered word.

Ons rus dus nou nie net meer op die sewende dag soos die Jode nie maar elke dag (Hebreërs 4:7) aangesien ons elke dag rus in daardie wete dat ons gered is op grond van ons geloof en nie deur wetsonderhouding nie. Daardie vryheid en saligheid is ons ewige rus in God wat reeds nou hier op aarde begin. Ons het die ewige (geestelike) rus van God reeds nou ingegaan en leef elke dag vanuit daardie wete en gerusstelling.

Vergewe my asseblief Jesus Christus indien ek oor die Sabbat en sy betekenis onder die Nuwe Verbond gedwaal het en dit selfs wetties weer begin hou het op die sewende dag soos die Jode. Was my asseblief skoon met U bloed na gees, siel en liggaam.

1.8 Die sewe feeste van God

Jesus Christus, ek bely dat die 7 feeste van God wat die Israeliete in die woestyn moes vier wel U feeste was vir die Israeliete maar dat dit slegs geldig was onder die Ou Verbond (wat nou nie meer bestaan nie). Die hou van hierdie feeste het dus nou onnodig geword aangesien U Jesus Christus alles wat onder die Ou Verbond uiterlik gegeld het nou innerlik vir ons kom vervul het.

Dit beteken egter nie dat U tye op die kalender (volgens die feeste) nie meer geld nie en dit is nog steeds U kalender. Hierdie feeste hoef egter nou nie meer (soos die Israeliete van ouds) uiterlik gevier te word nie want in U Jesus Christus het al hierdie feeste vir ons wat wedergebore en gedoop is as gelowiges reeds ten volle in vervulling gegaan, soos hieronder uiteengesit:

<u>Pasga, Paasfees of Pesach</u> – Die jode vier met Pesach die vrymaking uit Egipte toe hulle die lam moes slag en die bloed van die lam aan die deurkosyne moes smeer sodat die doodsengel by hulle verby moes gaan. Met U kruisiging Jesus Christus het U, as die lam van God, met U bloed die vloek van die sonde en die dood (wat vanweë die sondeval op elke mens gekom het) kom breek. Hierdie fees het dus reeds in die fisies in vervulling gegaan. Vir ons wat glo in U kruisiging en opstanding en U as ons Verlosser aangeneem het, het hierdie fees egter ook geestelik in vervulling gegaan toe ons wedergebore is aangesien U die mag van sonde en die dood oor ons gebreek het en ons so die ewige lewe kon beërwe. Om hierdie fees dus weer uiterlik te vier sou beteken dat ek by implikasie hierdie vrymaking van sonde en dood onbewustelik ontken en daardeur myself weer onbewustelik uitneem van onder U genade en myself weer terug plaas onder die vloek van die Wet.

Fees van die Ongesuurde Brood of Chag Hamotzi – Die Jode vier hierdie fees deur vir 7 dae alle suurdeeg uit hul huise te verwyder. Dit is simbolies van reiniging van sonde of heiligmaking. Hierdie fees het ook reeds fisies in vervulling gegaan deur die 3 dae wat U Jesus Christus (wat sonder sonde was) in die graf was en ter helle neergedaal het sodat ons (wat sonde het) nie sal sterf en ter helle neer sal daal nie. U het met U kruisdood en die prys van U bloed wat betaal is vir ons die ewige lewe verwerf sodat ons wat sondig is in die gees kwytgeskeld kan wees en dus geregverdig kan word. Om hierdie fees weer uiterlik te vier sou beteken dat ek by implikasie en onbewustelik ontken dat my geesmens by my wedergeboorte rein en heilig geword het voor U en dat my Geesmens dus U oordeel sal ontkom.

Fees van die Eerstelinge (First fruits) of Reshit Katzir – Die Jode het hierdie fees gevier deurdat die Hoëpriester 'n gerf van vars gars (eerste vrug) voor U moes beweeg as 'n beweegoffer. Hierdie was 'n vooruitskouing en was simbolies van U Here Jesus Christus wat op die derde dag sou opstaan uit die dood as die eerste van vele mense wat sal opstaan uit die dood op grond van hul geloof in U. Hierdie fees is dus ook reeds fisies vervul met U fisiese opstanding uit die dood op die derde dag en geestelik is dit ook reeds vir my vervul deurdat U reeds by my wedergeboorte in my hart opgestaan het en ek reeds "opgestaan" in 'n nuwe lewe in U. Deur hierdie fees weer fisies soos te vier sou ek by implikasie en onbewustelik ontken dat U reeds opgestaan het en meer nog dat U ook reeds in my hart (geestelik) opgestaan het en ek nou reeds (saam met U) vanuit die ewige dood oorgegaan het na die (bedeling van) die ewige lewe.

Pinkster (Fees van Weke) of Shavu'ot – Die betekenis van Shavu'ot vir die Jode is dat hul die openbaring van die Wet (Torah) by die berg Sinai aan Moses vier. Hierdie fees het vir ons wat in Jesus Christus glo reeds fisies in vervulling gegaan deur die uitstorting van die Heilige Gees op die gelowiges wat gebid het in die bokamer en spontaan in tale begin bid het (Hand. 2). U het dus die Heilige Gees gestuur en tot vandag nog is dit moontlik vir almal wat in U glo om U Heilige Gees te kan ontvang en, meer nog, om gedoop te kan word in U Heilige Gees. Hierdie fees het verder ook geestelik vir ons wat in U Here Jesus Christus glo in vervulling gegaan deurdat U U Gees in ons harte uitgestort het by wedergeboorte en U nou deur U Gees in ons elkeen woon. Deur dus hierdie fees weer fisies te vier ontken 'n mens by implikasie dat U U Gees aan ons gegee het en neem dit ons terug na die gesag van die Wet wat op kliptafels geskryf was en dus onder die gesag van die Torah (in plaas van onder gesag van die Heilige Gees).

(Bogenoemde 4 feeste het dus reeds fisies maar ook geestelik (vir elkeen wat in Jesus Christus glo) in vervulling gegaan.)

Fees van die Trompette (Trumpets) of Yom Teru'ah - Hierdie fees van die Jode staan ook bekend as Rosh Hashanah. Op hierdie dag word die ramshoring geblaas sodat onthou moet word dat hulle here die koning is van die heelal. Die doel hiervan is om die Jode tot skuldbelydenis te roep in 'n heilige vrees vir hul god.

Hierdie fees moet nog in die fisiese realm vervul word en sal gebeur by Jesus Christus se wederkoms (Mat. 24:31) wanneer Hy ook almal wat in Hom glo (Sy Bruid) na Hom toe sal neem (dit is die wegraping wat gesamentlik plaasvind met die wederkoms). Hierdie fees is egter reeds vir my in die gees vervul die dag toe ek my hart vir U gegee het Jesus Christus en U deur U Gees in my geesmens kom woon het. Daardie dag het my geesmens, wat eens vir U dood was, weer lewend geword en het U wederkoms reeds in my gees waar geword. Die trompette in die Hemel het geblaas oor die blye dag toe ek uit die Koninkryk van die Dood (geestelik) oorgegaan het na U Koninkryk van die Lewe.

Indien ek dus nou weer fisies hierdie fees van die Trompette sou vier dan ontken ek by implikasie dat U reeds vir my in my geesmens weer gekom het en ek reeds deur U kom haal is vanuit die koninkryk van duisternis en na U Koninkryk van die Lig geneem is.

Fees van die Groot Versoendag of Yom Kippur – Die Jode vier hierdie fees deur te vas en in die sinagoge uit die Torah te lees. Hul verootmoedig hul ook en bely hul sondes ten einde hulself weer met god te versoen sodat hul seker kan maak dat hul die groot oordeel van god sal ontkom.

Hierdie fees moet nog fisies in vervulling gaan wanneer U na U wederkoms die hele wêreld en alle mense gaan oordeel. Vir ons wat gedoop is as gelowiges deur volle onderdompeling in water, het hierdie oordeel en volkome vryspraak egter reeds geestelik gekom aangesien ek my vereenselwig het met U kruisdood en opstanding. My vleesmens (siel en liggaam) is saam met U gekruisig (geoordeel) en saam met U het ek ook opgestaan (ook na siel en liggaam) in ‘n nuwe lewe in Christus Jesus. Deur hierdie stap van die doop van gelowiges het ek dus toegelaat dat U my siel en liggaam (vleesmens) ook kom nuut maak sodat dit in die oë van die Vader (en ook by die laaste oordeel) sonder vlek of rimpel sal wees (sondevry) aangesien ek in die gees deur die doop van gelowiges aan alles deelgekry het wat Jesus vir my verwerf het deur Sy kruisdood en opstanding (ook in siel en liggaam).

Ons wat gedoop is as gelowiges sal dus die laaste oordeel vryspring (nie geoordeel word nie) en ons kan dus vryelik deurgaan na die Bruilofsmaaltyd van die Lam. Hierdie fees het dus ook vir my geestelik reeds ten volle in vervulling gegaan en daarom hoef ek dit nie meer uiterlik te vier nie.

Indien ek egter dit weer uiterlik sou vier, ontken ek daardeur by implikasie dat ek reeds deur U geoordeel en vrygespreek is en daarmee ontken ek eintlik dan ook die krag van my doop as gelowige.

Die Loofhuttefees (Tabernakels) of Sukkot – Tydens hierdie fees bou die Jode fisies ‘n hut waarin hulle dan woon vir die tyd van die fees. Hulle herdenk hiermee die 40 jaar waartydens god saam met hulle (deur die fisiese tabernakel) gewoon het en hul dink ook daaraan dat god steeds hul enigste sekuriteit en beskutting is.

Hierdie fees moet nog fisies in vervulling gaan en dit sal gebeur wanneer ons saam met Jesus Christus (na Sy wederkoms) in die nuwe Jerusalem woon nadat Hy alles hier op aarde kom nuut maak het.

Jesus Christus tabernakel egter reeds, deur Sy Gees, met elke wedergebore gelowige wat ook met die Heilige Gees gedoop is aangesien Hy in ons geesmens woon en daar dus nou geen skeiding meer is tussen ons en Hom nie. Die voorhangsel van die tempel het geskeur by U kruisiging Jesus maar vir ons het dit ook geestelik gebeur deurdat daar nou geen skeiding meer is tussen ons en U nie deur U Gees wat in ons woon en waarin ons gedoop is (gees, siel en liggaam). Ons hoef dus nie meer soos die Israeliete in die woestyn die Huttefees fisies (uiterlik) te vier nie aangesien U reeds alles vir ons innerlik (geestelik) kom vervul het.

Deur weer hierdie Huttefees van die Jode uiterlik te vier het ek by implikasie ontken dat U reeds in my geesmens woon (tabernakel) en het ek my intieme verhouding met U ontken.

Slotsom - Dankie Heilige Gees vir al hierdie kosbare openbaringe en dat ons nou kan besef dat Satan wou hê dat ons hierdie feeste weer uiterlik en fisies moet vier om daardeur (bewustelik of onbewustelik) by implikasie te kenne te gee dat hulle nog nie vir ons geestelik (innerlik) vervul is nie en ons dit dus steeds soos die Israeliete onder die Ou Verbond uiterlik en fisies moet vier.

Ek verklaar dat daar net een nuwe sakrament is onder die Nuwe Verbond waaraan ons moet deelneem so gereeld as moontlik en by elke geleentheid waar ons as mede-gelowiges bymekaar is naamlik die sakrament van die nagmaal soos deur U Jesus Christus ingestel is op die aand voor U oorgelewer is om gekruisig te word.

Jesus, ek vra om vergifnis vir my dwaling en misleiding in verband met die feeste en vra dat U my sal vergewe vir elke keer wat ek die Ou Verbond feeste gevier het of op enige manier daaraan deelgeneem het. Was my asseblief skoon met U bloed op gees, siel en liggaam vlak.

1.9 Joodse gebruike en tradisies

Ek erken en bely dat ek deelgeneem het aan die volgende Joodse gebruike en tradisies (of dit stilswyend goedgekeur het deur nie daarteen standpunt in te neem nie):

Die taliet (Joodse gebedsdoek) – Ek erken dat die taliet simbolies en profeties is van die Wet van die Ou Verbond en dat ek (deurdat ek die taliet oor my kop gesit het of daaronder gebid het), myself profeties weer onder die Wet van die Ou Verbond geplaas het. Ek het daardeur ‘n deur in die gees oopgemaak vir geeste van godsdiens, tradisie, dogma, wettisisme en geestelike hoogmoed om in my in te kom. Die deur van geestelike hoogmoed is by my oopgemaak aangesien dit vir my gevoel het dat ek meer geestelik as ander gelowiges is deurdat ek ‘n taliet het en daaronder bid.

Joodse kledingstukke soos bv. die Tzitzit, Kippah ens. – Ek erken en bely dat hierdie Joodse kledingstukke en items wat ek gedra het elk ‘n spesifieke verwysing gehad

het na die Wet van Moses en ook die gesag van die vals god (Lucifer) wat tans die god is van die Jode in Judaisme (wie Jesus as die Seun van God verwerp het en steeds verwerp). Ek erken ook dat die dra van hierdie items en/of kledingstukke my 'n gevoel van geestelike trots en hoogmoed laat kry het aangesien ek die dwaling geglo het dat ek met die dra daarvan meer geestelik of geleerd sal voorkom as my mede-gelowiges.

Die Joodse Bybel (of enige ander Bybel waarin die sg. heilige naam van God gebruik word naamlik Yahweh, Yahvah ens.) – Ek erken en bely dat ek die leuen geglo het dat ek groter openbaringe sal ontvang indien ek die Hebreeuse Bybel of enige ander Bybel waarin die sg. heilige geopenbaarde name van God gebruik word (ook die sg. *"Restoration of the Original Sacred Name Bible"* (Rotherham version)) sou bestudeer. Ek het nou geleer dat dit die teenoorgestelde is naamlik dat die naam Yahweh en alle ander name gebaseer op YHVH nie die ware sg. heilige naam van God is nie maar dat die gees van Lucifer agter hierdie Bybels is asook die gees van Kabbalah en dat ek net verder mislei sal word in die leuen van die Hebreeuse Wortels indien ek kies om hierdie Bybels te bestudeer.

Kosher kos – Ek erken en bely dat die Koninkryk van God nie 'n saak is van eet en drink nie (Rom. 14:17) en dat niks opsigself onrein is nie (Rom. 14:14) maar dat dit die sonde van die mens is wat hom onrein maak. Ek besef ook nou dat die Boom van die Lewe (Jesus Christus self deur die krag van die Heilige Gees) in my woon en versterk is deur my wedergeboorte, doop as gelowige en doping met die Heilige Gees en dat die bloed van Jesus Christus kragtig genoeg is om my teen enige kosse te beskerm wat tradisioneel as "onrein" beskou sou word. Ek moet egter die leiding van die Heilige Gees vertrou om vir my te sê watter kosse vir my liggaam voordelig sal wees en watter nie. Dit is dus nie 'n saak van wettiese reëls nie maar van die leiding van die Heilige Gees.

Olies met sg. helende en herstellende krag – Jesus Christus, ek erken dat ek mislei is deur mense in bedieninge wat goed bedoel het om my hoop (dalk onbewustelik) te plaas op sekere spesiale olies wat sogenaamd dan helende en/of herstellende krag sou hê. Ek bely dat dit 'n leuen is en dat net Jesus Christus deur die krag van Sy bloed vir ons gestort en deur die kragtige werking van Sy Heilige Gees my kan genees en herstel op gees, siel en liggaam vlak (wat insluit my geestelike, psigiese en liggaamlike DNA).

Ou Verbond items wat in die tabernakel was en heengewys het na U Jesus Christus en wat U alles vir ons sal kom doen (wat nou vervul is) soos bv. die minorah, die waskom, die wierookaltaar, die brandofferaltaar, die ark, die tafel met die toonbrode, die tabernakel met sy 3 dele naamlik voorhof, heilige en allerheiligste ens. – Jesus, ek erken dat ek (deur waarde te heg aan hierdie Ou Testamentiese en Ou Verbond voorwerpe en dit selfs in my huis te sit en daardeur dit onbewustelik te eerbiedig), ek onbewustelik in die gees te kenne gegee het dat U nie al hierdie dinge vir my innerlik (geestelik) kom vervul het nie en dat ek dus daarom dit weer uiterlik moet oprig en waarde daaraan heg. Ek besef dat tydens die Ou Verbond met die Israeliete in die woestyn was dit heilige voorwerpe en het dit heengewys na U Jesus Christus en na wat U vir ons sou kom doen. Ek weet

egter nou ook en verstaan dat dit heengewys het na U wat die Boom van die Lewe in ons is en dat deurdat U in ons woon en die Boom van die Lewe nou ten volle weer geaktiveer is in ons dat al hierdie items wel nog geldig is maar wel geestelik en innerlik as deel van die Boom van die Lewe (Jesus Christus in ons). Ek verstaan nou dat deur dit weer uiterlik te eerbiedig en uiterlik ‘n plek daaraan te gee in my huis of gebedskamer, ek onbewustelik aan Lucifer eer betoon want hy is die vervalsing van wat U vir ons kom doen het en hy is die Boom van Kennis van Goed en Kwaad. Ek vereer dus onbewustelik vir Lucifer (Satan) deur hierdie goed in my huis te hê en daardeur voed ek die vals heilige gees (die slang Kundalini) en maak ek myself net oop vir meer en meer misleiding.

Joodse troue of hernuwing van huweliksbeloftes – Ek erken en bely dat met my Joodse troue en/of herbevestiging van my huweliksbeloftes (met of sonder die Ketubah (Joodse huwelikskontrak)) ek my huwelik wetend of onwetend onder beheer van die god van die Jode gebring het naamlik Lucifer oftewel die Antichris en dat ek sodoende vir Satan, Kundalini en die Gees van Kabbalistiese heksery ‘n oop deur in my huwelik gegee het. Ek het wetend of onwetend my huwelik onder beheer van die vals drie-eenheid gebring.

Soutverbond – Ek erken en bely dat die soutverbond ‘n gebruik was in die Ou Testament onder die Ou Verbond om ‘n verbond wat ewig is te sluit. Die sout het heengewys na U Jesus Christus en in U het ook dit in vervulling gegaan want U is nou die Sout vir ‘n verloregaande wêreld en slegs dié wat U aanvaar as Verlosser sal gered word. In U is ons nou ook die sout van die wêreld en kan mense slegs gered word deur te getuig van U Jesus Christus. Ek besef Jesus dat U saam met sondaars geëet het en dat U wil hê dat ons U voorbeeld van liefde moet volg. Ek besef dat ek met hierdie leuen van die soutverbond ander mense liefdeloos behandel het en seergemaak het en nie U beeld van liefde teenoor hulle uitgeleef het nie. Ek erken en bely dat die soutverbond ook behoort aan die Ou Verbond wat beëindig is en dus dat indien ek nou, onder die Nuwe Verbond, ‘n soutverbond met U of andere sou sluit dit U nie eer nie maar wel die antichrist oftewel Satan. Ek vra Jesus Christus dat U my hiervoor sal vergewe en my sal skoonwas met U kosbare bloed. Ek kanselleer dan ook hiermee elke soutverbond wat ek aangegaan het naamlik ……..
in die naam van Jesus Christus en met Sy kosbare bloed en ek vra dat U my sal skoonwas in liggaam, siel en gees met U kosbare bloed

Shekinah Glory – Ek besef dat Shekinah verwys na die vals heilige gees naamlik Kundalini en ek bely dat ek gedwaal het in hierdie verband Jesus Christus. Shekinah Glory verwys dus na die onheilige teenwoordigheid van die vals heilige gees van Lucifer (die vals jesus) en Kundalini (die vervalsing van die Heilige Gees) en na Kundalini ontwaking en “enlightenment” (verligting).



Rabbiniese seën - Ek erken en bely dat die sg. priesterlike seëngebed van die Jode (soos gedemonstreer deur die hande hier langsaan) in die verkeerde gesag gedoen word naamlik in die gesag van Lucifer (die vals jesus). Die hande demonstreer dan ook die sg. heilige naam van god YHVH en die numerologie van 72 agter dit wat verwys na die name van 72 gevalle engele. Dit is met ander woorde vir my as wedergebore gelowige in Jesus Christus nie 'n seëngebed nie maar 'n vervloeking. Ek verwerp dit in die naam van Jesus Christus en ek vra om vergifnis Here Jesus dat ek myself daaraan blootgestel het. Ek vra dat elke sodanige vloek wat oor my uitgespreek is gekanselleer word met U bloed en dat U my daarvan sal skoonwas in gees, siel en liggaam.

Vroue – bedekking van die hoof en veral die hare – Ek erken en bely dat dit 'n leuen is dat 'n wedergebore vrou way 'n gelowige is in U haar hoof moet bedek want U sê in U Woord dat daar nou nie meer onderskeid is in U oë tussen man en vrou nie maar dat almal gelyk voor U troon is (Gal. 3:28). Ek bely dat Satan hiermee my unieke voorkoms en kosbare spesiale identiteit probeer steel het en my daarmee laat vereenselwig het met die Jode, Moslems (waar vroue hul hoofde moet bedek) en ander gelowe in songod aanbidding.

Enige ander Joodse tradisies en/of gebruike waaraan ek my skuldig gemaak het:

……

……

……

……

Jesus, ek vra dat U my vir al hierdie dinge sal vergewe en my na gees, siel en liggaam sal skoonwas met U bloed. Help my ook Here Jesus Christus om al die artifakte van die Hebreeuse Wortels in my huis en bediening te identifiseer en dit te vernietig.

Ek vra dat U deur U Gees Here Jesus Christus vir my gesalfde oë en ore sal gee om in die toekoms te kan onderskei tussen waar en onwaar, dooie godsdiens en lewende verhouding met U asook dan tussen die Boom van Kennis van Goed en Kwaad (Satan) en die Boom van die Lewe (Uself Here Jesus Christus). Salf ook asseblief my begrip en verstaan van al hierdie dinge met U Heilige Gees en verskerp my gawe van onderskeiding.

1.10 Die Israelvisie gebaseer op die vals profesie geskoei op 'n verkeerde interpretasie van Romeine 11

Ek besef en verstaan dat Romeine 11 verkeerd geinterpreteer word deur diegene wat die sg. "Israel visie" voorstaan. Hulle hou voor dat die volk Israel (en dan spesifiek die Joodse volk) die mak olyfboom is en dat die heidene die wilde lote is wat op die mak olyf ingeënt moet word. Hul interpretasie is dus dat nie-Jode geestelik moet een word met die Jode (Israel) ten einde gereed te maak vir Jesus se wederkoms.

Ek besef nou dat dit ‘n verkeerde interpretasie van Romeine 11 is en dat Paulus met die analogie van die mak en wilde olyf bedoel het dat Jesus Christus die mak olyfboom is en die nie-Jode wat in Hom glo die wilde lote wat ingeënt is op die mak olyfboom. Die mak lote van die mak olyfboom wat afgesny is is die Jode wat nie in Jesus Christus as hul Verlosser wou glo nie maar selfs hulle kan terug geënt word op die mak olyfboom indien hul sou glo in Hom wat vir hulle gesterf en opgestaan het.

Ek weet dus en verklaar dat dit ‘n dwaling is dat ons as nie-Jode moet een word met die volk Israel en die Jode ten einde voor te berei vir Jesus Christus se wederkoms.

Dit is wel so dat U die Joodse volk uitverkies het in die Ou Testament om ‘n lig vir die nasies te wees aangesien U, die Messias, uit die Joodse volk gebore moes word maar nou, onder die Nuwe Verbond, is U, Jesus Christus, die Lig vir die nasies en slegs almal wat na U toe kom en in U glo sal gered word.

Ek vra om vergifnis Jesus dat ek verkeerdelik gedink het dat ek wat ‘n nie-Jood is geestelik ingeënt moet word op Israel (of dan die Joodse volk). Was my asseblief skoon met U bloed na gees, siel en liggaam.

Ek glo wel dat almal wat in U glo Here Jesus Christus as hul persoonlike Saligmaker en Verlosser in die gees die nuwe Israel is (en dus in die gees kinders van Abraham) en dat ons wel op pad is na die geestelike Jerusalem naamlik die ewige lewe.

1.11 Die Mikvah doop

Jesus Christus, dit het tot my kennis gekom dat ek geweldig mislei is deurdat ek my laat meevoer het in emosie en/of dalk groepsdruk en/of euphorie (‘n “hype”) om myself weer in die Jordaan (of op enige ander plek) te laat doop in die ou bekeringsdoop van Johannes wat ook bekend staan as die “Mikvah”.

Jesus, ek bely dat ek weet dat ek op daardie stadium reeds in gehoorsaamheid aan U deur die ware doop van gelowiges gegaan het waar ek my vereenselwig het met U kruisdood en opstanding en waar my totale menswees (gees, siel en liggaam) dus saam met U gekruisig is en ek ‘n nuwe mens in U Jesus Christus uit die doopwater opgestaan het.

Ek besef Jesus dat tydens my ware doop in U kruisdood en opstanding ek my vleesmens saam met U gekruisig het en dat daardeur U opstandingskrag in my ontsluit us. Ek besef dat ‘n mens in sy siel en liggaam net eenmaal saam met U kan sterf en nie weer nie (want dit is dan reeds dood) en dat dit dus glad nie nodig is om ooit weer gedoop te word nie.

Dit is ‘n leuen dat die Mikvah doop my sondes afwas of my net nog bietjie heiliger voor U aangesig kan maak want toe ek myself met U kruisdood en opstanding in my ware doop geidentifiseer het, is die krag van die sonde oor my lewe finaal gebreek. By die ware doop is die opstandingskrag van Jesus Christus in my lewe vrygestel en is ek nou

meer as ‘n oorwinnaar (oor die sonde en die dood) deur Jesus Christus wat vir my krag gee.

Die Mikvah is die ou doop van Johannes onder die OU VERBOND (toe U Jesus Christus nog nie vir ons aan die kruis gesterf het nie) en wat bloot ‘n bekeringsdoop was en wat gesimboliseer het die afwassing van sonde om gereed te maak vir die koms van die Messias (U Jesus).

U het nou egter reeds gekom na die aarde toe Jesus en die doop van gelowiges deur volle onderdompeling is nou die ware doop van die NUWE VERBOND aangesien ons ons daarin verbind met U in U kruisdood en opstanding. Juis hierin lê die krag van die doop van gelowiges naamlik dat dieselfde oorwinning oor sonde en dood wat U bereik het in U kruisdood en opstanding word dan ook ons deel (veral ook dan in siel en liggaam) en kan die opstandingskrag van God die Vader dan in ons begin werk deur verdere innerlike genesing en veral ook bevryding (heiligmaking sodat ons meer en meer aan U beeld gelyk mag word).

Ek besef dat met die Mikvah het Satan my op ‘n baie fyn en slu manier mislei om my weer gedeeltelik terug te laat gaan na die OU VERBOND toe en waar die sonde nog steeds mag oor my gehad het want die mens was nog onder die mag van die Wet en die bloed van Jesus het nog nie betaal ten einde my daarvan te kan vry maak nie.

Die Mikvah het my ware doop in die gees uitgewis en dit vervang met die ou bekeringsdoop van Johannes (die Mikvah) wat onder die NUWE VERBOND (waarin ons wat Jesus as Verlosser aangeneem het nou leef) werklik kragteloos is. Dit het die *dunamis* opstandingskrag van God asook die vuur van die Heilige Gees in my weer kom uitdoof en dit verklaar hoekom ek so sukkel om deurbrake te kry asook veral bevryding en innerlike genesing.

Jesus, ek vra dat U my sal vergewe vir hierdie dwaling en dat ek myself onderwerp het aan die Mikvah wat die OU VERBOND doop van Johannes is. Heilige Gees, ek vra dat U my sal vergewe vir die feit dat ek U bedroef het en dit terwyl ek wel die opstandingskrag van Jesus Christus in my ervaar het tydens en na my ware doop in U kruisdood en opstanding Jesus. Vader, vergewe my dat ek onbewustelik die feit dat U Vader U eie en enigste Seun aan die kruis vir my sondes laat sterf het in die gees gedeeltelik oor my lewe ongedaan gemaak het deur die Mikvah. Vergewe my drie-enige God, Vader, Seun Jesus Christus en Heilige Gees en was my weer skoon van die Mikvah doop Here Jesus Christus met U kosbare bloed!

Ek kies met my gees, siel en liggaam om nie onder die OU VERBOND en die mag van die Wet (wat geestelike dood meebring) te lewe nie maar om in intieme verhouding met U Jesus Christus te lewe in die NUWE VERBOND en om U opstandingskrag deur die kragtige werking van die Heilige Gees in my lewe te ondervind. Ek kies vandag die lewe in U Jesus Christus!!

Here Jesus, dan vergewe ek ook myself dat ek op of ongeveer …….. (dag, datum en tyd) by die Jordaan in Israel (of enige ander plek) weer gedoop is met die Mikvah doop van Johannes die Doper. Ek vergewe myself vir my dwaling en misleiding en dat ek toegegee het aan die opinie en druk van mense.

Ek vergewe ook die mense wat by die Mikvah doop betrokke was (……..) en hul bediening (……) asook die persoon of persone wat my gedoop het aangesien ek weet dat hul bedoelinge goed was maar dat hu look mislei was. Ek spreek hulle almal heeltemal vry Here Jesus Christus en ek vra dat U ook aan hulle die volle waarheid omtrent die Mikvah sal openbaar.

Here Jesus Christus, dan besef ek ook dat ek nou weer gedoop sal moet word (aangesien die Mikvah my ware doop as gelowige in U kruisdood en opstanding genegatiweer oftewel uitgewis het) en ek vra dat U my sal lei deur U Gees om net weer ‘n goeie verstaan te kry van waaroor die ware doop van gelowiges gaan en dat ek dan by medegelowiges sal uitkom wat my daarin kan bystaan.

1.12 Erkenning van my beinvloeding deur die Hebreeuse Wortels

Jesus Christus, ek erken en bely dat my deelname aan die Hebreeuse Wortels beweging, die volgende effek op my gehad het:

- Geestelike hoogmoed en trots.
- Veroordeling van en kritiek op ander gelowiges wat nie aanbid soos ek nie.
- Onleerbaarheid, eie-geregtigheid en selfs arrogansie.
- Wettisisme, godsdienstigheid en tradisie.
- Meer wortels as vrugte naamlik dat ek so op al hierdie Hebreeuse en Ou Testamentiese goed gefokus het dat ek nie kon vrug dra deur die krag van die Heilige Gees en die 7 gawes en vrugte van die Heilige Gees nie.
- Konflik en onenigheid met mede-gelowiges (opsplitsing van bedieninge en opbreek van verhoudinge tussen gelowiges).
- ‘n Fariseër en wetsgeleerde houding deurdat ek (in plaas van om vir mense te bid vir genesing en bevryding) my heeltyd net besig gehou het met die bestudering van die Wet (Torah) en met allerhande gebruike en tradisies van die Jode en die Ou Verbond. Dit het my geestelik steriel gemaak en ek kon nie mense na U, Here Jesus Christus, toe lei of vir hulle bid vir genesing en veral bevryding nie.
- Dat ek bewustelik of onbewustelik ‘n ander evangelie (dié van die Wet, ‘n ander jesus (Lucifer) en ‘n ander gees (die vals heilige gees, Kundalini) vereer en gevolg het.
- Dat ek bewustelik of onbewustelik die ware Jesus Christus (die Seun van God) weer in my hart gekruisig het (Heb. 6:6) deurdat ek bewustelik of

onbewustelik (en deur implikasie) deur my navolging van die Wet en die tradisies en gebruike van die Jode misken het wat Hy aan die kruis vir my gedoen het.

- Ek my laat mislei het deur die Gees van Kabbalah en dan ook Kundalini (vals heilige gees) om te dink dat energie en meer spesifiek vibrasies en frekwensies asook kwantum tegnologie my sal genees. Ek besef nou dat dit die vervalsing is van wat U Jesus Christus deur U Heilige Gees en die krag van U bloed doen en dat hierdie metodes van energie-genesing alles werk deur Kundalini-krag en dat dit my net verder in geestelike gevangenisskap in sal vat.

Ek bely en erken al hierdie dinge en vra Jesus Christus dat U my sal vergewe en vryspreek en my sal skoonwas met U bloed op gees, siel en liggaam vlak.

1.13 Vergifnis van bedieninge en mense

Jesus Christus, ek besef dat die volgende bedieninge en mense wat in die Hebreeuse Wortels is mislei is en ek vergewe hulle en spreek hulle heeltemal vry:

……
……

Ek sny egter ook in die naam van Jesus Christus alle onheilige gees- en sielsbande met hulle en ek vra Jesus Christus dat U in die gees tussen my en hulle sal kom staan.

Ek vergewe ook myself en enige ander mense betrokke dat ek myself laat mislei het en dat ek betrokke geraak het in iets wat U nie geëer het nie Jesus. Ek spreek myself geheel en al vry.

Ek vra ook om vergifnis dat ek bewustelik of onbewustelik ‘n afgod gemaak het van sekere bedieninge en/of mense en hul leringe slaafs nagevolg het sonder om dit te toets aan U Woord en die leiding van U Heilige Gees.

Vergewe my ook asseblief Jesus Christus dat ek ook ander mense aan die Hebreeuse Wortels blootgestel het en dus ‘n aandeel daarin gehad het dat hul ook vandag mislei is. Was my asseblief skoon met U kosbare bloed Jesus Christus.

(Ons as IIC besef dat daar nog baie meer permutasies en vlakke van Hebreeuse Wortels is wat ons nie eers van weet nie en daarom sal ons graag wil hoor by enige gelowiges wat hierdie gebed onder oë kry of daar aspekte is wat ons nog moet byvoeg – info@ignitedinchrist.org)

2. BEVRYDINGSGEBED

Joh. 8:36 – *Eers as die Seun* (Jesus Christus) *julle vry maak* (vanaf mensgees vlak) *sal julle werklik vry wees.*

2.1 Jesus bind die sterkmanne (Mat. 12:29; Mar. 3:27)

Here Jesus Christus, ek vra dat Uself met U eie hande die volgende sterkmanne (wat werk met die leuen van die Hebreeuse Wortels) wat nou nie meer regte het by my mensgees nie sal bind:

- Lucifer (die "dark lord"), die gees van Kabbalah, Kabbalistiese heksery en die Antichris (almal hou hul voor as die "vals jesus")
- Die gees van Godsdiens, Tradisie en Dogma asook Wettisisme wat almal saamwerk onder die gesag van Lady Faith van die Vrymesselaars (ook bekend as Jezebel) en wat rapporteer na die Hemelkoningin (die "Queen of Heaven")
- Geeste van heksery, gedagtebeheer, programmering, "caging" asook betowering (mezmerisation) wat ook almal saamwerk en rapporteer aan Hecate oftewel Lady Hope van die Vrymesselaars (ook onder die Queen of Heaven se gesag)
- Geestelike hoogmoed, trots, eiegeregtigheid, onleerbaarheid, arrogansie, konflik, twis, argumentering wat almal ook rapporteer aan Leviathan en aan Athaliah asook die songod (Baäl oftewel Molech of Dagon)
- Geeste wat identifiseer met die name Yah, Yahvah, Yahweh, Yahovah en alle ander wat afgelei is van die hebreeuse konsonante Yod Heh Vav Heh (YHVH) asook die geeste van Yeshuah, Yahvahshua en alle ander verbuigings van Jesus se hebreeuse naam soos wat hy bekend was aan die Jode voor Sy kruisiging en opstanding.
- Alle geeste wat identifiseer met en rapporteer aan die songod ingesluit Rah, Rahab, Baäl, Molech, Dagon asook Jezebel en Agab, manipulering, beheer, intimidasie en dominering tesame met geeste van minderwaardigheid, onwaardigheid en swak selfbeeld en almal wat na hul toe rapporteer.
- Alle geeste van die seuns en dogters van die gevalle engele wat met die 72 gevalle engele identifiseer wat krag verkry uit die onware en onheilige naam van god YHVH, spesifiek Lucifer oftewel Azazel (soos hy homself aan Adam en Eva as die slang hibriede wese in die Tuin van Eden voorgehou het) maar dan ook elke ander nephilim en hybrid gees wat met die 72 gevalle engele identifiseer wat aan die onheilige naam van god naamlik YHVH kleef.
- Kundalini (die vals heilige gees) asook geeste van misleiding, verwarring en leuens wat saam met Kundalini werk.
- Mammon en ook alle geeste van armoede en versukkeldheid wat saam met Mammon werk en wat die mense wat in die Hebreeuse Wortels Beweging is in

armoede en versukkeldheid wil hou en ook wil keer dat hulle enige deurbrake hetsy, geestelik, emosioneel, fisies, finansieel en/of in hul roeping bereik.

- Baphomet, ook bekend as Lillith (wat rapporteer aan die Queen of Heaven) en wat die kinders (generasies) vir haar- of homself wil hê en wat dan ook bloed soek en agter die leuen van die besnydenis is (saam met Azazel oftewel Lucifer, die songod).
- Die doofstomgees wat saam met Kundalini, die godsdiensgees en andere 'n geestelike sluier oor my geestelike oë en ore asook oor my geesmens kom trek het. Dit het my vermoë om te kan onderskei tussen waar en vals asook tussen die geeste geaffekteer en gepoog om my deur misleiding in die Hebreeuse Wortels te hou deur my te verhoed om die waarheid in te sien.

Al hierdie geeste hierbo genoem (en ook alle ander wat saam met hulle werk) sal voortaan net genoem word "sterkmanne van die Hebreeuse Wortels".

2.2 Kansellasie van alle gedagtebeheer en programmering deur DID dele (alters)

Jesus Christus, ek vra dat U sal verskyn aan alle DID dele (alters) wat gashere ("hosts") is by my mensgees wat werk met DID programme en gedagtebeheer wat te doene het met die Hebreeuse Wortels en wat hul opdragte ontvang van die sterkmanne wat U nou net gebind het. Ek vra dat al hierdie DID gashere U nou sal sien en die deure van hul harte oopmaak sodat U Jesus Christus kan inkom en hulle almal wedergebore kan word in U.

Jesus Christus, ek vra dat alle DID gedagtebeheer en programme wat deur hierdie DID gashere en die sterkmanne beheer word nou gekanselleer word in die kragtige naam van Jesus Christus en die krag van U bloed vir my aan die kruis gestort. In die algemeen maar ook spesifiek die volgende gedagtebeheer programme:

- Van godsdiens, tradisie en dogma asook wettisisme genaamd "Ezra" of ook enige iets anders asook al die numerologie daaraan gekoppel;
- Van Kabbalistiese heksery genaamd "Yod Heh Vav Heh (YHVH)" asook die numerologie van 72 wat daaraan gekoppel word (die "tetractys" soos hierlangsaan uitgebeeld);



- Van die name "Yahwe", "Yahvah", Yehovah", "Yeshua", "Yahvahshua", "Ruah Hakodesh", "Shekinah" en enige ander name waarna na God verwys word anders as God die Vader, Sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees …….;
- Van "Torah", die "Wet" (geskryf op kliptafels) asook die "Shabbat" en die 7 feeste van die Jode naamlik "Pesach", "Chag Hamotzi", "Reshit Katzir", "Shavu'ot", "Yom Teru'ah", "Yom Kippur" en "Sukkot";
- Ook van "Israel", die "besnydenis aan die voorhuid" asook "Farisieër" en "Wetsgeleerde" en "Rabbi";

- “Judas Iskariot”, “Kajafas”, “Herodus” en “Pontius Pilatus”
- “Sluier”, “taliet” en “voorhangsel”

asook enige ander DID gedagtebeheer programme wat saamwerk met hierdie strategie van die Hebreeuse Wortels. Ek vra Jesus Christus dat deur die krag van U bloed al hierdie DID programme van gedagtebeheer nou sal opgaan in vlamme – op mensgees asook op siel en liggaam vlak.

Ek vra ook Jesus Christus dat deur die krag van U bloed op gees, siel en liggaam vlak alle heksery, numerologie, kabbalah, “triggers” en geestelike hokke oor en ten opsigte van al die DID dele (beide die gashere en al die dele onder hul gesag) nou gekanselleer sal word en sal opgaan in vlamme.

Ek vra Here Jesus Christus dat U hierdie DID dele (of alters) op my gees, siel en liggaam vlak nou sal skoonwas met U bloed en dat alle demone nou uit hul sal uitgaan.

Jesus Christus dan vra ek nou dat U met U eie hande in die gees op my gees, siel en liggaam vlak alle DID dele (of alters) sal integreer met my core gees, siel en liggaam.

2.3 Jesus neem die sterkmanne weg

<u>Kansellasie van alle geestlike mikroskyfies (programmering)</u>

Jesus Christus, ek vra dat U sal verskyn aan elke sterkman hierbo genoem maar ook alle ander sterkmanne wat werk in en deur en met die Hebreeeuse Wortels.

Ek verklaar in die naam van Jesus Christus dat hul geestelike mikroskyfies (microchips) (wat al hul demoniese programmering bevat) op gees, siel en liggaam vlak gekanselleer word in die naam van Jesus Christus en deur die krag van Sy bloed.

<u>Vrylating van geestelike gevangenes</u>

Jesus, dan bind ek die demoniese poortwagters waar al hierdie sterkmanne heers in die geestesrealm en ek vra Jesus dat U U oorlogsengele sal instuur om al die gevangenes (demoniese geeskopieë en sielskopieë van myself) te soek, vind, los te maak en uit te bring uit elke geestelike plek van aanhouding wat met die Hebreeuse Wortels te doene het.

In die naam van Jesus Christus kanselleer ek nou alle bloedverbonde, bloedoffers, bloedrituele en heksery asook alle vloeke gespreek oor al hierdie gevangenes.

Jesus Christus was hul asseblief skoon met U bloed en beveel asseblief alle demone en geeskopieë of sielskopieë om uit hul uit te gaan.

Dan vra ek Jesus Christus dat U hulle (alle geestelike gevangenes) sal kom haal en vry maak.

Wegneem van demoniese geeskopieë

Jesus Christus, ek vra dat U elke geeskopie van enige persoon wat nog ooit geleef het (en ook van hulle wat nog steeds leef) asook van enige nephilim en hibriede wese wat te doene het met die Hebreeuse Wortels sal opdrag gee om nou te konsolideer tot een kopie elk en sny hulle ook asseblief af van de sterkmanne Jesus. Dan vra ek nou dat U hulle sal kom wegneem van my geesmens. Dankie Jesus!

Wegneem van sterkmanne

Jesus Christus, hierdie sterkmanne het nou geen regte meer in my gees, siel of liggaam nie. Ek vra Jesus Christus dat U hulle sal losmaak van my geesmens (elke een individueel maar ook gesamentlik) en dat U nou in die gees 'n uitsettingsbevel vanaf U Troon van Geregtigheid aan elke een individueel (maar ook gesamentlik) sal beteken.

Jesus dan vra ek nou dat U elke een van hierdie sterkmanne by my mensgees sal kom haal …. Dankie Jesus …. (herhaal hierdie versoek 'n paar keer en pleit Jesus se bloed en Sy vuur (*dunamis* krag) totdat alle manifestering stil geraak het en daar net vrede oorbly).

Jesus Christus, dan vra ek ook nou dat U met U eie hande die poorte van al hierdie sterkmanne by my op mensgees vlak sal kom sluit met U sleutels van die Koninkryk.

Jesus kom genees ook asseblief enige geeswonde wat hierdie sterkmanne agtergelaat het op my geesmens met U bloed. Dankie Jesus!

2.4 Wegneem van die sluier van godsdiens en kansellering van enige geestelike hokke oor my geesmens (2 Kor. 3:14)

Here Jesus Christus, ek vra dat U self met U eie hande enige geestelike sluiers oor my geesmens sal kom wegneem asook enige geestelike hokke op my mensgeesvlak wat ten doel het om my geestelike oë en ore te versluier en toe te maak. Breek dit asseblief met U eie hande af Jesus Christus en neem dit weg sodat ek weer volle intimiteit met U kan beleef asook U stem weer helder en duidelik kan hoor. Dankie Jesus!

2.5 Bevryding van kragdemone, voetsoldate en demoniese sielskopieë

Jesus Christus, in U naam sny ek nou elke demoniese sielskopie van mense wat eens gelewe het (of wat nogsteeds lewe) asook alle nephilims en hibriede wesens wat saamgewerk het met hierdie strategie van Hebreeuse Wortels (en wie se sterkmanne deur U weggeneem is) af van hulle kragdemone en voetsoldate af. Ek beveel hulle nou in die naam van Jesus Christus om te konsolideer tot een sielskopie elk. Ek vra U Jesus Christus om nou elke een van hierdie demoniese sielskopieë weg te neem, op siel en

liggaam vlak. (Hou aan om vir Jesus te vra om hulle weg te neem totdat alle manifestasie gestop het.) Dankie Jesus!

In U naam Jesus Christus bind ek nou alle kragdemone en voetsoldate wie se sterkmanne deur U in hierdie gebed weggeneem is op my siel en liggaam vlakke en ek beveel hulle nou om uit my uit te gaan! Uit! - in die naam van Jesus Christus! (Hou aan bestraf in die naam van Jesus Christus totdat alle demoniese manifestasies gestop het en daar net vrede oorbly.)

Ek neem dan ook nou die sleutels van die Koninkryk wat U aan my toevertrou het Jesus Christus en ek sluit in U naam die poorte van alle demoniese owerhede wat met die Hebreeuse Wortels werk op siel en liggaam vlak.

2.6 Doping en invulling met en deur die Heilige Gees

Here Jesus Christus, ek vra U om my nou weer opnuut op gees, siel en liggaam vlak te kom doop met U Heilige Gees en met U vuur (*dunamis* krag). Kom doop my Here Jesus Christus en maak my opnuut vol met U strome van Lewende Water. Laat elke gawe van U Gees opnuut in my aan die brand gesteek (geaktiveer) word en stel my in staat deur U krag om vrug te dra vir U Koninkryk……..

2.7 Danksegging

Dankie Vader, Here Jesus Christus en Heilige Gees vir U genade, liefde, waarheid en U vrymaking vandag. Alle eer en heerlikheid kom net aan U toe, tot in alle ewigheid.

Vader, ek vra in die naam van Jesus Christus dat U my sal herbelyn met U en dat U my sal oprig in my skeppingsdoel vir U hier op aarde. Laat my waarlik U dissipel wees en help my Here om nie weer deur strategieë van die vyand (wat my roeping in U wil kaap) mislei te word nie.

AMEN